

Skrifgedeelte: Matteus 12:1-14

Teksvers: Matteus 12:8

Tema: Die koninkryk van God: waar jou fokus deur rus op die regte dinge ingestel word.

In Matteus 11:25-30 het ons gehoor dat die Here Jesus ons uitnooi om by Hom rus te vind. Hierdie rus is dan nie die rus van 'n middagslapie of 'n dag af by die huis nie, maar 'n rus weg van die wêreld se idee dat ek op myself aangewese moet wees, vir myself moet lewe en my eie redding en verlossing moet uitwerk.

Hoe interessant is dit dan dat daar twee gebeure net daarna is wat ook oor rus gaan? Eers Jesus en sy dissipels wat in die veld stap en dan die genesing van 'n man met 'n gebrekkige hand. Hier word teorie vir ons oorgesit in praktyk! Maar eers word die verkeerde teorie en die verkeerde praktyk deur die Here vir ons reg gestel.

Ons hoor die verkeerde teorie en praktyk in die manier waarop die Fariseërs optree. Wanneer hulle sien dat Jesus se dissipels besig is om koringare te pluk en uit te vryf om dit te eet, kla hulle dadelik by Jesus daaroor. Hoe kan hierdie Rabbi toelaat dat sy volgelinge die Joodse wette oor die viering van die sabbat só oortree?

Want sien, volgens die wette wat die Fariseërs gemaak het, het dit as oes getel wanneer jy met jou hande koring pluk en het jy die koring uitgewan wanneer jy dit in jou hande sou vryf om dit te kom eet. Volgens die Fariseërs was Jesus se dissipels hier besig om op die sabbat te werk - hulle onderhou nie die wette nie en dus ook nie die sabbat nie! Ons kan sê dat hulle teorie was dat die sabbat 'n dag van niks-doen is en hulle praktyk was dat jy niks mag gedoen het nie, behalwe om sinagoge toe te gaan en dan binne 'n sekere afstand van jou huis af.

Jesus kom stel dan die teorie reg op drie maniere. Eers wys Hy die Fariseërs op dit wat Dawid gedoen het: hulle het offerbrood geëet en dit is iets wat net die priesters mag gedoen het. Tog was Dawid 'n man na God se hart en het die Israeliete en Jode met Dawid gespog as die groot koning. Tweedens wys Hy dat, as mens die Fariseërs se teorie sou volg, die priesters die vierde gebod oortree deurdat hulle op die sabbat werk in die tempel! Die offers moet immers gebring word, die offerbrood moet gebak word en die seuntjies moet besny word.

Die uitklophou bêre Jesus vir laaste: Hy haal een van die profete, Hosea, aan. Wanneer Jesus sê: "Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie..." haal Hy 'n gedeelte uit Hosea 6 aan. Die teorie en praktyk van die Fariseërs het gebots met die teorie en praktyk van 'n koning, profeet en die priesters van die Ou Testament.

Jesus gaan dan verder om die regte teorie en praktyk oor die sabbat te gee wanneer Hy sê dat die Seun van die mens Here oor die sabbat is en wanneer Hy in die sinagoge 'n gebrekkige man genees. Hy, Jesus Christus, is Here oor die sabbat. Hy bepaal waaroor die sabbat gaan (die teorie) en dat dit met dade van genade en barmhartigheid gevier moet word (die praktyk).

Jesus gee die regte teorie op 'n baie besonderse manier. Wanneer Hy die Fariseërs wys op wat Dawid, die priesters en Hosea gedoen en gesê het, maak Hy iets van Homself aan hulle bekend. Dit is asof Jesus hiermee vir ons en die Fariseërs sê dat ons moet onthou dat Hy die groot Erekoning, die

ware Hoëpriester en die groot Profeet is wat God se wil aan ons bekend kom maak het. Jesus Christus is die ware, ewige, grootste Koning, Profeet en Priester en as die grootste Koning, Profeet en Priester het Hy die gesag om te kan sê waaroor die sabbat gaan. Juis om hierdie rede het Hy vir die Fariseërs gesê dat Hy groter as die tempel is.

Wanneer Jesus vir ons en die Fariseërs daarop wys dat Hy die grootste Koning, Profeet en Priester is, herinner Hy ons aan die rede vir die sabbat en gee Hy ook die ware betekenis van die sabbat vir ons. Die sabbat gaan nie oor `n spesifieke, 24-uur, dag nie, maar oor `n dag waarop jy op God fokus. Hy herinner ons aan die rede vir die sabbat as ons die woorde van Deuteronomium 5:12-15 in gedagte hou:

"Jy moet die sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou, soos die Here jou God jou beveel het. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy. Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte `n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige daede daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou."

Daar is twee redes hoekom die Here vir die Israeliete van ouds (en tot `n groot mate vir ons vandag) die sabbat gegee het: die eerste is omdat ons rus nodig het en die tweede is omdat ons nodig het om êrens die "pause"-knoppie van die lewe te druk en te fokus op dit wat God vir ons gedoen het.

Daar is net twee Persone in hierdie wêreld wat nie nodig het om te rus nie. Dit is die Vader en die Seun. Daarom dat Jesus in Johannes 5:17 sê dat die Vader tot nou toe werk en dat Hy ook werk. God die Vader en Seun weet dat ons net mense is. Hulle weet dat ons moeg word en dat ons `n fisiese, geestelike en emosionele kapasiteit het en dat ons rus nodig het anders brand ons uit. Daarom gee God hierdie algemene genade aan ons. In liefde roep Hy ons op om te rus omdat ons rus nodig het. Ons as mense is nie gemaak om 24 uur van die dag, 7 dae `n week te werk nie. Vir ons eie gesondheid is dit nodig om te rus. Die Here weet dit. Daarom gee Hy ons rus.

Die tweede rede hoekom ons moet rus is sodat ons die "pause"-knoppie van die lewe kan druk en opnuut kan fokus op God en dit wat Hy vir ons deur Jesus Christus gedoen het en wat Hy in en deur die Heilige Gees in ons doen. Ons het nodig om gereeld te stop en verwonderd te staan oor Wie God is, wat Hy doen en hoe Hy deur die Heilige Gees in my werk. Só beskerm die Here my van die wêreldse persepsies oor redding, verlossing, versorging en prestasie.

Op hierdie manier gee God die ruimte dat ons kan stil word en hoe die Heilige Gees ons kan herinner dat God se liefde só groot is dat Hy vir ons die ewige, ware en grootste Koning, Profeet en Priester gestuur het, sodat Hy die volmaakte offer kan bring, sodat Hy as die lewende Woord God se wil kan bekend maak en sodat Hy as ewige Koning oor my lewe regeer.

Juis daarom dat Jesus Christus die praktyk oor die sabbat en oor ware rus heeltemal anders inkleef as sit-en-niks-doen. Wanneer Hy die gebrekkige man genees en die Fariseërs probeer Hom uitvang, wys Hy dat hierdie rus ook bestaan uit goed doen. Om goed te doen is om uit `n ware en opregte geloof só te lewe dat God se liefde en genade duidelik word. Juis wanneer ons só besig is om deur goeie daede te rus, besef en beleef ons die grootheid en goedheid van ons Here.

Dit is nie om dowe neute dat die Here vir ons die opdrag gee om uit dankbaarheid `n dag van die week te rus en opnuut verwonderd te staan oor die grootheid en goedheid van die Here nie. Ons het dit nodiger as wat ons besef en die Here weet dit. In genade gee Hy dit aan ons as Sy koningskinders. Die koninkryk van God: waar jou fokus deur rus op die regte dinge ingestel word!

Amen